Publication: Burger (Suid Kaap), Sport

Date: Friday, April 08, 2022

Page: 15

# Rabie en Preen toe giftige span

**Annchen Nel**

Suid-Afrika se voorste bergfietsryers hoef nie bekommerd te raak nie.

Die voormalige Olimpiese driekampatleet Marí Rabie beoog nié 'n tweede sportloopbaan as 'n bergfietsryer nie.

Sy ry fiets vir die pret en as sosiale aktiwiteit saam met vriende, sê dié 35-jarige Stellenbosser.

Sy en haar spanmaat, die padryer Hayley Preen, het almal verras met 'n algehele vierde plek in die onlangse Cape Epic-skofwedren.

Hulle is nie 'n beroepspan nie en het minimale ondersteuning gehad en min voorbereiding vooraf.

Rabie is 'n beleggingsbankier in Kaapstad en die 23-jarige Preen 'n finalejaarstudent in meganiese ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad.

Private Client Holdings, wat fietsry by die Ikeys borg, het Rabie en Preen ondersteun toe hul 2021-span, Land Rover, nie sy borgskap van Epic-spanne hernieu het nie.

So het 'n klein span tot stand gekom, wat onafgehandelde sake gehad het nadat Preen verlede jaar tydens die derde skof geval en 'n polsgewrig gebreek het.

"Ek het die wedren alleen voltooi en sy het dadelik gesê ons moet volgende jaar weer saam ry," sê Rabie.

"Ons het toe geweet die Epic sou weer in Maart plaasvind."




**Marí Rabie en Hayley Preen op die vrouepodium ná die vierde skof, waar hul derde geëindig het.** Foto: CAPE EPIC | SAM CLARK

Kenners het die span glad nie onder vanjaar se top-vrouespanne gereken nie. Tog het hy in drie skofte derde geëindig en twee vierde plekke in die sesde en sewende skofte behaal, vir 'n algehele vierde plek.

"Ons het vooraf gedink as ons uitsonderlik goed vaar, kan ons dalk vyfde eindig en dit sou fantasties wees," sê Rabie.

"Ons is albei marathonspesialiste en goeie klimmers, wat ons gehelp het, want die algehele klimwerk oor die agt dae was byna 17 000 m."

Rabie-hulle se ondersteuningspan het bestaan uit hul onderskeie kêrels en Preen se pa, asook Specialized Paarl, wat vir hul fietse se instandhouding gesorg het.

"Ons is die 'people's team' gedoop, en het baie goeie ondersteuning geniet," sê Rabie.

Voor die Epic het albei aan die Kaapstad-fietstoer deelgeneem, waar Preen die naaswenner was en Rabie sewende geëindig het.

Preen, die SA padkampioen in 2021, spits haar nou toe op kwalifikasie vir die Statebondspele en die Wêreldkampioenskappe.

"Ons beoog om in November aan die Wines2Whales deel te neem en dan sal ons sien hoe die Epic volgende jaar in Hayley se program inpas," sê Rabie.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.